

VLINDER- FLEUR

BENODIGDHEDE: Ongeveer 200 g wil
Coats Tridalia Nr. 8; hekelpen van 1,50 mm.

MATE: Ongeveer 80 x 80 cm.

AFKORTINGS: gs – glipsteek; ks – ketting-
steek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) –
steek(steke); p(s) – picot(s); 3ks, gs in 1e
ks; klawerblaartje, 3 opeenvolgende picots,
gs in 1e p om klawerblaar te vorm; sp(s) –
spasie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal.

Spasie: 1lb om te begin; 2 ks, slaan 2 ste
oor, 1lb om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2
ste of vlg sp, 1lb om blk te voltooi.

Laset: Word oor 2 rye gevorm.

1e ry: 1lb in lb, * 3ks, slaan 2 ste oor, 1kb in
vlg st, 3ks, slaan 2 ste oor, 1lb om eerste
deel van laset te voltooi *.

2e ry: 1lb in lb, * 5ks, slaan ste tussenin oor,
1lb in vlg lb *

AANWYSINGS: Begin met 456 ks, draai,
1lb in 9e ks vanaf hekelpen, hekel 1 ry spa-
sies – 150 altesaam, draai.

Vlg ry: Deurgaans blokkies.

Raadpleeg diagram en voltooi lappie, maar
let op dat die deel tussen vlinder-en-blom-
merand en middelstuk in lasette gehekel
word. Die diagram toon een kwart van lappie;
hekel dus vanaf middel (stippellyn) in speel-
beeld. Moenie die gare afknip wanneer laas-
te spasie ry voltooi is nie.

OMRANDING: Hekel om al vier die kante in
rondles.

1e rondte: * 1kb in lb, 2ks *: herh rondom.

2e rondte: * 1kb in kb, 5ks, slaan twee 2ks-
sps oor; herh rondom.

3e rondte: * 7kb in elke 5ks-sp.

4e rondte: * 1kb tussen twee 7kb-groepe,
3ks, 1lb, 1 klawerblaar, 1lb in 4e van 7kb,
3ks *: herh rondom.

Knip gare af en werk netjies af.

SLEUTEL TOT DIAGRAM

- ☐ – spasie
- ☒ – blokkie

